## 27.7 RAPPORT 7: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – NUWE TERREINE EN WEBBLAD (Art 195)

## 27.7 REPORT 7: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTERY – NEW OPPORTUNITIES AND WEBPAGE (Art 195)

A. Dr G van Wyk stel die Rapport.
Dr G van Wyk tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Twee opdragte van Sinode 2018 aan die Deputate word hierin saam vervat vanweë die onderlinge verband.<br>**Uit Acta 2018:1047, 3.2**<br>3.2 Dat die Sinode die saak van nuwe terreine [*vir kerkgroei*] opdra aan die te benoemde Deputate Kerkgroebediening, ter oorgewing, soos toeglig deur die huidige Deputate.<br><br>**Uit Acta 2018:1049, 3.1**<br>3.1 Die webblad [*van die Kerkgroei Depuate*] voortgesit word in so verre dit die nuwe opdragte aan die Kerkgroei Deputate kan dien.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Mandate**<br>Two instructions from Synod 2018 to the Deputies are included together due to the interrelationship.<br>**From Acta 2018:1047, 3.2**<br>3.2 That the Synod dedicate the matter of new sites [for church growth] to the so-called Deputies Church Growth Ministry, for surrender, as explained by the current Deputies.<br>**From Acta 2018:1049, 3.1**<br>3.1 The website [of the Church Growth Deputies] is continued to the extent that it can serve the new assignments to the Church Growth Deputies.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem**<br>2.1 Die webblad www.kerkgroei.co.za bestaan al sedert 30 Augustus 2015 om die Expando bediening aan die kerke bekend te stel en toeganklik te maak.<br>2.2 Om uitvoering te gee aan Sinode 2018 se opdragte aan die Kerkgroei Deputate tov ouderlinge toerusting, word 'n LMS (learning management system) opgestel as aanlyn platform waardeur kursusse aangebied sal word. Kyk daardie rapport vir meer besonderhede.<br>2.3 GLOmedia.tv wat aanvanklik saam met die Hervormede Kerk aangepak is, vind nou 'n tuiste binne die GKSA. Hierdie video-stroom webblad bied verskillende opbouende video materiaal vir die publiek, gesinne en kerke.<br>2.4 Verskeie Deputaatgroepe het hulle eie webblaaie soos bv. die Jeugdeputate en die Sendingedeputate.<br>2.5 Verder is daar ander Gereformeerde inisiatiewe wat aanlyn bediening doen soos bv. Scriptura.<br>2.6 Baie kerke, veral plattelandse kerke, sal | **2. Matters that the Synod takess note of**<br>2.1 The website www.kerkgroei.co.za has been in existence since 30 August 2015 to introduce and make the Expando ministry accessible to the churches.<br>2.2 To give effect to Synod 2018's assignments to the Church Growth Deputies regarding elder equipment, an LMS (learning management system) will be set up as an online platform through which courses will be offered. See that Report for more details.<br>2.3 GLOmedia.tv, which was initially started with the Reformed Church, now finds a home within the GKSA. This video streaming website provides various uplifting video material for the public, families and churches.<br>2.4 Various Deputy groups have their own websites such as e.g. the Youth deputies and the Mission deputies.<br>2.5 Furthermore, there are other Reformed initiatives that do online ministry such as e.g. Scripture.<br>2.6 Many churches, especially palatial |

| | |
|---|---|
| baie graag 'n funksionele webblad wou hê, maar vanweë afwesigheid van tegniese gawes in die gemeente of finansies is dit nie vir hulle haalbaar nie. | churches, would very much like to have a functional website, but due to the absence of technical gifts in the congregation or finances, it is not feasible for them. |
| 2.7 Met die COVID-pandemie het 'n ontploffing plaasgevind van internet gebruik, hoë bandwydte toegang van huishoudings en toenemende kundigheid en gemak van lidmate om aanlyn te leef en te funksioneer. | 2.7 With the COVID pandemic, there has been an explosion of internet use, high bandwidth access of households and increasing expertise and ease of members living and functioning online. |
| 2.8 In die lig van die bogenoemde verwikkelinge en die opdrag om nuwe moontlikhede vir kerkgroei aan te spreek, het die Kerkgroei Deputate aandag aan die volgende geskenk: | 2.8 In the light of the above developments and the mandate to address new possibilities for church growth, the Church Growth Deputies paid attention to the following: |
| 2.8.1 Die ontwikkeling van een 'landingsblad' as portaal waarop verskeie bedienings en Deputate binne die GKSA bekend gestel kan word as deel van 'n 'ekosisteem' van Gereformeerde bediening. Dit is bloot 'n blad met basiese beskrywende inligting van elkeen, en dan 'n skakel na daardie entiteit se eie blaaie wat hulle steeds self instandhou en administreer. | 2.8.1 The development of one 'landing page' as a portal on which various ministries and deputies within the GKSA can be introduced as part of an 'ecosystem' of Reformed ministry. It is simply a page with basic descriptive information of each, and then a link to that entity's own pages that they still maintain and administer themselves. |
| 2.8.2 'n Funksie op die blad te skep vir plaaslike kerke waardeur hulle 'n eie profiel kan skep, en waarop hulle baie gebruikersvriendelik, eie video of teksmateriaal vir hulle kerke kan oplaai om te gebruik. | 2.8.2 Create a feature on the page for local churches through which they can create their own profile, and on which they can upload very user-friendly, own video or text material for their churches to use. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.8.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.8.2 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>Daar word aanbeveel dat: | **3. Matters that the Synod decides on**<br>It is recommended that: |
| 3.1 Die Kerkgroei Deputate voortgaan om die aanlyn moontlikhede wat kerkgroei kan stimuleer te identifiseer en uit te bou tot diens van die kerke. | 3.1 The Church Growth Deputies continue to identify the online possibilities that can stimulate church growth and expand it to serve the churches. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |